higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5

(4010175)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n ANTWOORDBOEK van 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke bladsy van die ANTWOORDBOEK.
4. Beantwoord elke vraag op die korrekte bladsy van die ANTWOORDBOEK.
5. Stel die finansiële state volgens die 2001-leerplan op.
6. Toon AL jou berekeninge tussen hakies, waar toepaslik.
7. Jy mag NIE 'n pen met rooi of groen ink gebruik nie.
8. Jy mag NIE Tipp-Ex gebruik NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Sugar Fairy is 'n lekkergoedwinkel wat Choc en Late besit. Die volgende saldo's verskyn in Choc en Late se proefbalans op 31 Julie 2018 nadat die handelswins-en-verlies-rekeninge opgestel is:

	(DT)	(KT)
Kapitaal: Choc		R65 000
Late		R25 000
Onttrekkings: Choc	R22 500	
Late	R31 550	
Lopende rekening: Choc	R3 450	
Late		R6 210
Salaris: Choc	R35 000	
Late	R 54 000	
Lening: 20% Late		R10 000
Wins-en-verlies		R210 330

Hul vennootskapsooreenkoms dui die volgende aan:

1. Choc het 'n salarisvoorsiening van R3 500 per maand en Late het R54 000 per jaar wat hy ontvang het.
2. Die vennote is geregtig op rente op kapitaal teen 15% per jaar.
3. Die vennote se rente op die lopende rekening word op 20% per jaar vasgestel.
4. Die vennote moet rente op hul onttrekkings betaal asof hulle die bedrag VIER (4) maande lank teen 16% per jaar onttrek het.
5. Die rente op Late se lening moet aan die einde van die finansiële tydperk bereken word, maar hierdie rente is nog nie bereken nie.
6. Daar moet vir 'n algemene reserwe van R6 700 voorsiening gemaak word.
7. Choc en Late deel die wins/verlies in 'n verhouding van onderskeidelik 2:1.

Verlang:

1.1 Stel Sugar Fairy se inkomstestaat en aanwendingsrekening ('appropriation account') vir die jaar geëindig 31 Julie 2018 op. (34)

1.2 Toon albei vennote se lopende rekeninge aan die einde van die finansiële tydperk. (8 + 8) (16)

[50]

VRAAG 2

Best Beads in Centurion het 'n tak in Benoni. Die hoofkantoor lewer AL die handels-voorraad teen die verkoopsprys (kosprys plus 60%) aan die takke en ontvang gereeld opsommings van die takke af. Die geld wat deur die takke ontvang word, word in die takke se bankrekeninge gedeponeer. Die takke ontvang 'n voorskot van R1 000 van die hoofkantoor.

Stel die volgende rekeninge aan die einde van die finansiële tydperk wat op 31 Mei 2108 eindig, in die hoofkantoor se boeke op:

2.1. Takvoorraad (9)

2.2 Takaansuiwering (8)

2.3 Takdebiteure (5)

2.4 Tak se bank (8)

2.5 Goedere aan tak (5)

2.6 Takwins-en-verlies (5)

	R
Voorraad op 1 Junie 2016	144 000
Goedere teen verkoopsprys deur die hoofkantoor verskaf	880 000
Goedere teen verkoopsprys na die hoofkantoor terug-gestuur	18 000
Kontantverkope	240 000
Kredietverkope	640 000
Voorraadprystoeslag	1 500
Invordering van debiteure	356 000
Korting aan debiteure toegestaan	4 800
Korting op verkoopsprys toegestaan	3 200
Uitgawes deur die hoofkantoor betaal	
Salaris	65 400
Telefoon	6 773
Skryfbehoeftes	2 472
Uitgawes deur die tak betaal	
Water en elektrisiteit	5 808
Herstelwerk	560
Brandstof	700

Kopiereg voorbehou

Aansuiwerings:

1. Skryf D. Human, 'n debiteur, se skuld as oninvorderbaar af, R276.

2. Die volgende rekeninge word vir Mei 2017 ontvang, maar is nog nie betaal nie:

   - Water en elektrisiteit: R528
   - Telefoon: R231

3. Volgens 'n voorraadopname op 31 Mei 2017 was daar skryfbehoeftes ter waarde van R389 voorhande. **[40]**

VRAAG 3

3.1 Stel die voorraadkaart vir die spesifieke produk vas volgens die:

3.1.1 LIEU-metode (16)

3.1.2. Geweegdegemiddelde-metode (14)

Rond die bedrae af tot TWEE desimale.

Datum	Besonderhede	Eenhede @ R
1	Voorraad voorhande	30 eenhede @ R10,80
4	Aangekoop	45 eenhede @ R11,10
7.	Verkoop	55 eenhede @ R12,40
18	Verkoop	15 eenhede @ R14,80
28	Aangekoop	20 eenhede @ R13,50

3.2 Duncson Traders se totale verkope tydens die finansiële tydperk wat 28 Maart eindig, is R2 780 000.

'n Brutowinsverhoging van 60% op die kosprys word op normale verkope gehandhaaf.

Voorraad wat teen kosprys plus 45% aan groothandelaars verkoop is, bedra R485 000.

Voorraad wat teen kosprys plus 10% aan die personeel verkoop is, bedra R910 500.

Bereken die totale bruto wins. Toon AL jou berekeninge. Rond die bedrae af tot TWEE desimale. (10)
[40]

VRAAG 4

Zenani Traders het nie behoorlike rekeningkundige rekords tydens die jaar geëindig 28 Februarie 2018 gehou nie.

Saldo's in die balansstaat vir 28 Februarie 2017:

	R
Grond en geboue	200 000
Voertuie	32 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	5 800
Handelsvoorraad	20 560
Debiteure	6 350
Kapitaal	221 414
Krediteure	15 700

Die volgende inligting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 was beskikbaar:

1. Op 1 November 2017 koop Zenani Traders 'n motorfiets teen R9 600 vir aflewerings.

2. Waardevermindering teen 20% per jaar moet teen die afnemende saldo afgeskryf word.

3. Handelsvoorraad was R22 560 werd op 28 Februarie 2018.

4. Die totale bedrag wat die eienaar onttrek het, is R40 220.

5. Die bankstaat toon 'n kredietsaldo van R12 477.

6. Die kleinkas is R150.

7. Water en elektrisiteit vir Februarie 2018 is steeds betaalbaar – R412.

8. Debiteure en krediteure was op 28 Februarie 2018 onderskeidelik R9 443 en R12 470.

9. Die voorraad wat op 28 Februarie 2018 getel is, toon die volgende voorhande:

   - Verpakking: R976
   - Skryfbehoeftes: R144

Verlang:

4.1 Zenani Traders se balansstaat soos op 28 Februarie 2018 (12)

4.2 Toon die aantekeninge by die balansstaat vir grond, geboue en voertuie, voorraad, kontant en kontantekwivalente, kapitaal en handels- en ander krediteure. (28)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Eyathu Traders is 'n kleinhandelsonderneming. Die inligting word uit sy finansiële state vir die jare geëindig 28 Februarie 2017 en 2018 onttrek.

	2017	2018
Verkope	R450 000	R520 000
Koste van verkope	R250 000	R262 500
Bruto wins	R198 500	R191 140
Netto wins	R171 244	R91 890
Bedryfsuitgawes	R37 849	R94 890
Debiteurekontrole	R60 150	R88 100
Voorrade	R40 000	R65 000
Krediteurekontrole	R62 000	R44 300
Toerusting	R200 000	R200 000
Grond en geboue	R542 000	R542 000
Lening	R248 000	-

Bykomende inligting:

1. AL die verkope was op krediet.
2. Die onderneming handhaaf 'n bruto wins van 85% op sy kosprys.
3. Die voorraadomsetsnelheid van 'n soortgelyke onderneming is SES maal per jaar.
4. Die onderneming staan 60 dae se krediet aan debiteure toe en ontvang 90 dae van sy krediteure.

Verlang:

Bereken die volgende vir die jaar geëindig Februarie 2018 met behulp van die gegewe inligting. Rond die bedrae tot TWEE desimale af.

5.1 Bruto wins op die kosprys van verkope

5.2 Nettowinspersentasie op verkope

5.3 Voorraadomsetsnelheid

5.4 Solvensieverhouding

5.5 Debiteure-invorderingstydperk (in dae)

5.6 Vuurproefverhouding

(6 × 5) **[30]**

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou